


ROOI ROSE SE

Breiboekie



11

**PRAGTIGE
PATRONE**

(Foto: Bls. 1)

Deftige

PARTYTRUI

BENODIGDHEDE: 5 (5, 6) ons 2-draad Sirdar Majestic wol vir die grondkleur en 1 ons in 'n kontrasterende kleur; 1 paar elk nr. 11- en 13-breinaalde; Silwer krale.

MATE: Die lentge — 19 (20, 21) duim; buustemaat — 34 (36, 38) duim; mousnaat — 12½ (13, 13½) duim.

SPANNING: 17 ste. en 22 rye per 2 duim.

AFKORTINGS: G. — Grondkleur; K. — Kontraskleur.

DIE AGTER- EN VOORPANTE (Albei eenders)

Stel 120 (128, 136) ste. op met nr. 13-naalde en grondkleur wol en brei 3 duim in r.1, a.1, rifsteek.

Die volgende ry: Rif 10 (8, 6) * r. twee keer in die volgende st., rif 10 (11, 12). Herh. vanaf * tot aan die end. 130 (138, 146) ste. Verwissel na nr. 11-naalde en ksst. (1 ry r., 1 ry a) en vermeerder 1 st. aan werskante van elke 8e ry totdat daar 150 (158, 166) ste. is.

Brei verder sonder om te vermeerder totdat die pant 11 (11½, 12) duim vanaf die begin meet en eindig met 'n a.-ry.

RAGLAN EN HALS

Die volgende ry: r.2 tes., r.73 (77, 81), draai en brei slegs met hierdie ste. verder.

Die volgende ry: Heg 2 ste. af, a. tot aan die end.

Die volgende ry: r.2 tes., r. tot aan die end.

Herh. die laaste 2 rye totdat al die ste. afgeheg is. Las die wol aan die binneste rand van die orige ste. en voltooi om ooreen te stem met die vorige deel.

DIE MOUE

Stel 60 (64, 68) ste. op met nr. 13-naalde en G. en brei 2½ duim in r.1, a.1, rifsteek.

Die volgende ry: Rif 4 (8, 4) * r. twee keer in die volgende st., r.6 (6, 7). Herh. vanaf * tot aan die end. 68 (72, 76) ste. Verwissel na nr. 11-naalde en ksst. en vermeerder 1 st. aan weers-

kante van elke 4e ry totdat daar 104 (108, 112) ste. is. Brei dan reguit aan totdat die mou 12½ (13, 13½) duim vanaf die begin meet en eindig met 'n a.-ry.

VORMING VAN RAGLAN

Verminder 1 st. aan weerskante van die volgende en al om die ander ry totdat 72 ste. oorbly. Brei 1 ry a.

Die volgende ry: r.2 tes., r.34, draai en brei slegs hierdie ste.

Die volgende ry: Heg 2 ste. af, a. tot aan die end.

Die volgende ry: r.2 tes., r. tot aan die end. Herh. die laaste 2 rye totdat al die ste. afgeheg is. Las die wol by die binneste rand van die orige ste. aan en voltooi om met die ander deel ooreen te stem.

DIE SKOUERSTUK (Agter en voor eenders)

Werk die Raglan-gedeeltes aanmekaar.

Met nr. 11-naalde en K. tel op en r.34 ste. al langs die bopant van die mou vanaf die middel, 60 (67, 74) ste. al langs die linkerkant van die hals, 1 st. in die middel, 60 (67, 74) al langs die regterkant van die hals en 34 ste. langs die regtermou tot in die middel. 189 (203, 217) ste. Brei nou soos volg:

1e ry: r.2 tes., r. tot aan die end. 2e ry: r.2 tes., r.90 (97, 104), gl.1, r.1, g.g.l.o., r. die middelste st., r.2 tes., r. tot aan die end.

3e ry: r.2 tes., r. tot aan die end.

4e ry: Las G. aan, r.2 tes., r. tot 2 ste. van die middel af, gl.1, r.1, g.g.l.o., r. die middelste st., r.2 tes., r. tot aan die end. 5e ry: a.2 tes., a. tot aan die end.

Herh. die laaste 2 rye nog een keer.

8e ry: r.2 tes. K, (r.4 G, r.3 K.) tot by die middelste 5 ste., gl.1, r.1, g.g.l.o., r.1, r.2 tes., (r.3 K, r.4 G.) tot by die laaste st., r.1 K.

9e ry: a.2 tes. G., a.4 G., a.1K., (a.6 G., a.1 K.) tot by die mid-

delste 5 ste., a.5 G., (a.1 K., a.6 G.) tot aan die end.

10e ry: r.2 tes. G., r. tot by die middelste 5 ste., gl.1, r.1, g.g.l.o., r.1, r.2 tes., r. tot aan die end.

11e ry: Met G., a.2 tes., a. tot aan die end.

Herh. die laaste 2 rye nog een keer.

14e ry: r.2 tes. K., r.1 K., (r.4 G., r.3 K.) tot by die middelste 5 ste., met G., gl.1, r.1, g.g.l.o., r.1, r.2 tes., (r.3 K., r.4 G.) tot by die laaste 2 ste., r.2 K.

15e ry: a.2 tes. G., a.5 G., a.1 K., (a.6 G., a.1 K.) tot by die middelste 5 ste., a.5 G., a.1 K. (a.6 G., a.1 K.) tot aan die end.

Herh. nou die 10e en 11e rye twee keer.

20e ry: r.2 tes. K., r.2 K., (r.4 G., r.3 K.) tot by die middelste 5 ste. Met G., gl.1, r.1, g.g.l.o., r.1 r.2 tes., r.3 K., (r.4 G., r.3 K.) tot aan die end.

21e ry: a.2 tes. K., (a.6 G., a.1 K.) tot by die middelste 5 ste., a.5 G., (a.1 K., a.6 G.) tot by die laaste 2 ste., a.1 K., a.1 G.

Herh. die 10e en 11e rye twee keer.

26e ry: r.2 tes. G., r.3 K., (r.4 G., r.3 K.) tot by die middelste 5 ste. Met G., gl.1, r.1, g.g.l.o., r.1, r.2 tes., r.3 K., (r.4 G., r.3 K.) tot by die laaste st., r.1 G.

27e ry: a.2 tes. G., a.1 K., (a.6 G., a.1 K.) tot by die middelste 5 ste., a.5 G., (a.1 K., a.6 G.) tot by die laaste 3 ste., a.1 K., a.2 G.

Herh. die 10e en 11e ry nog twee keer.

Dan met K., r.4 rye en verminder soos voorheen. Breek K. af.

Brei een duim in r.1, a.1, rifsteek met G., verminder nog steeds soos voorheen. Heg af.

AFWERKING

Pars pante. Werk die skouernate toe. Werk die sy- en mousnate toe. Werk 'n kraal in die middel van elke kontraspatroontjie van die skouerstuk. ★

BENODIGDHEDE: 2 ons Paton's Beehive Bedjacket Floss vir die grondkleur; 1 ons Paton's Fuzzy-Wuzzy in 'n kontrasterende kleur; 1 paar elk nrs. 8- en 12-breinaalde; 'n nr. 8- hekelpen vir wolwerk.

MATE: Lengte — 33 duim; Wydte — 14 duim.

SPANNING: 6 steke en 8 rye per duim.

AANWYSINGS: Stel 61 ste. op met nr. 12-naalde en met 'n dubbele draad Floss.

1e ry: (r.1, a.1) tot by die laaste st., r.1.

2e ry: (a.1, r.1) tot by die laaste st., a.1.

Herh. hierdie 2 rye nog twee keer.

7e ry: (r.2 tes., w.r.n.) tot by die laaste st., r.1.

8e ry: Soos die 2e ry.

Brei 4 rye in rifsteek en herh. dan die 7e ry. Herh. die laaste

SNOESIGE SLAAP- JAKKIE

6 rye twee keer en herh. dan die 1e en die 2e ry drie keer.

Verwissel na nr. 8-naalde.

Die volgende ry: r.6 (r.4, m.1) 6 keer, r.1, m.1, (r.4, m.1) 5 keer, r.10.

Die volgende ry: r.6, a tot by die laaste 6 ste., r.6.

Die volgende ry: r.

Herh. die laaste 2 rye 27 duim en eindig met 'n a-ry.

Die volgende ry: r.6, (r.4, laat val die volgende st.) 6 keer, r.1, laat val die volgende ste., (r.4, laat val 1) 5 keer, r.10.

Die volgende ry: r.6, a tot by die laaste 6 ste., r.6.



Verwissel na nr. 12-naalde en brei die 1e en 2e rye drie keer.


Die volgende ry: Soos die 7e ry.

Brei nou die 2e en 1e rye twee keer en dan die 2e ry een keer. Herh. die laaste 6 rye drie keer. Heg in rifsteek af.

AFWERKING

Trek die stola in die lengte om die ste, wat u laat val het, los te maak en laat hulle die hele lengte

van die pat. leer. Pars liggies. Werk die mou-omslae toe. Hou die Fuzzy-Wuzzy-wol aan die verkeerde kant van die werk, agter die ry waarvan die ste. geval het en hekel soos volg: Steek die hekelpen deur die lussies en trek die wol deur om 'n kettingsteek te vorm oor elke st. wat geval het. Hou hierdie ste. los en hekel op dieselfde wyse al langs elke ry waarvan die ste. geval het. Heg die punte stewig vas. ★



VROLIK EN WARM VIR KLEINBOET

BENODIGDHEDE: 3 ons blou 4-draad-wol en 2 ons wit; 1 paar elk nr. 9- en 10-breinaalde; 'n middelslag hekelpen; 4 drukker-tjies.

MATE: Die lengte vanaf die skouer — 12 duim; om 'n 22 duimborsmaat te pas; mousnaat — 8½ duim.

SPANNING: 8½ st. per duim per twee duim.

DIE AGTERPANT

Stel 72ste. op met nr. 10-naalde en die blou wol en brei twee duim in r.1, a.1, rifsteek. Verwissel na nr. 9-naalde en pat. Las die wit wol aan maar moenie die blou afbreek nie.

1e ry: r. met wit. 2e ry: a. met wit. 3e ry: r. 1 wit, * r.2 blou, bring wit vorentoe, a.2 wit, neem die wit na die agterkant van die werk. Herh. vanaf * tot by die laaste 3 ste., r.2 blou, r.1 wit.

4e ry: a in blou. 5e ry: r in blou. 6e ry: a.1 blou, * hou die blou voor, a.2 wit, dan r.2 blou. Herh. vanaf * en eindig met a.1 blou i.p.v. r.2 blou.

Hierdie 6 rye vorm 1 patroon. Brei verder in pat. totdat u werk 7½ duim vanaf die begin meet.

DIE MOUSGAT: Heg 2 ste. af aan die begin van die volgende 4 rye (64 ste.). Brei aan sonder om te verminder, totdat u werk 11½ duim vanaf die begin meet en eindig met 'n ry aan die verkeerde kant van die werk.

DIE HALS EN SKOUER

1e ry: Brei 23 ste. in pat., heg 18 ste. af, pat. tot aan die end. Brei die tweede stel ste. verder. Brei 1 ry en heg dan 2 ste. af aan die begin van die volgende ry en 10 ste. aan die begin van die volgende ry. Brei 1 ry en heg dan die laaste 11 ste. af. Met die verkeerde kant van die werk na u toe, las die wol by die binneste rand van die orige ste. aan, heg 2 ste. af en brei in pat. tot aan die end. Heg 10 ste. af aan die begin van die volgende ry, brei 1 ry en heg die laaste 11 ste. af.

DIE VOORPANT

Brei soos die agterpant totdat die uithol van die mousgat vol-

tooi is. Brei dan reguit aan totdat die pant 11 duim vanaf die begin meet en eindig met 'n ry aan die verkeerde kant.

DIE HALS EN SKOUER

1e ry: Pat. 25, heg 14 ste. af, pat. tot aan die end. Brei verder met die tweede stel ste. en brei 1 ry sonder om te verminder. ** Heg 2 ste. af aan die begin van die volgende ry. Verminder dan 1 st. aan dieselfde kant met die volgende 2 alternatiewe rye. Brei 2 rye en eindig dus aan die mousgatkant. Heg 10 ste. af aan die begin van die volgende ry. Brei 1 ry en heg die laaste 11 ste. af. **

Met die verkeerde kant van die werk na u toe, las die wol aan die binneste rand an die orige ste. en brei om met die eerste pant ooreen te stem vanaf ** tot **.

DIE MOUE

Stel 44 ste. op met nr. 10-naalde en blou en brei 1½ duim in r.1, a.1, rifsteek. Verwissel na nr. 9-naalde en pat.

Brei 1 pat. en vermeerder dan 1 st. aan weerskante van die volgende en elke volgende 5e ry totdat daar 60 ste. is. Brei dan reguit aan totdat die mou 8½ duim vanaf die begin meet. Vorm die

ronding bo deur 2 ste. aan die begin van die volgende 4 rye af te heg. Verminder dan 1 st. aan weerskante van elke ry totdat 28 ste. oorbly. Heg af.

DIE RANDSTROKIES OM DIE HALS

Met die regte kant van die werk na u toe en met nr. 10-naalde en blou wol, tel op en r. 40 ste. rondom die voorkant van die halsrand. Brei 5 rye in r.1, a.1, rifsteek. Heg in rifsteek af. Brei die randstrokies vir die agterkant van die hals op dieselfde wyse, maar tel op en r. 30 ste. i.p.v. 40 ste.

AFWERKING

Pars liggies aan die verkeerde kant oor 'n klam doek. Werk die skouernate 2 duim toe vanaf die mousgatrang en los die orige deel oop. Werk die moue in en werk dan die sy- en mousnate in agtersteek 1/8 duim van die kant af, toe. Hekel 'n ry in kortbeen rondom die skoueropelings. Werk 2 drukkertjies op elke skouer aan. Pars al die nate liggies. ★

Swierige Seunstrui



BENODIGDHEDE: 12 (13 : 14) ons Emu Scotch dubbeldraad-wol; 1 paar elk nrs. 11- en 9-breinaalde; 'n kabelnaald; 'n rits-sluiters wat aan weerskante oopmaak en 14 (16 : 16) duim lank is.

MATE: Lengte — 17 (18 : 19) duim; om 'n 26 (28 : 30) duim borsmaat te pas; mousnaat — 15 (15½ : 16) duim.

SPANNING: 6 steke en 8 rye per duim.

DIE AGTERPANT

Stel 80 (86 : 92) ste. op met nr. 11-naalde en brei 2½ (2½ : 3) duim in r.1, a.1, rifsteek. Verwissel na nr. 9-naalde en brei in ksst. (1 ry r, 1 ry a) verder totdat u werk 11½ (12 : 12½) duim meet, en eindig met 'n a-ry.

DIE MOUSGAT

Verminder 1 st. aan weerskante van elke ry totdat 66 (72 : 78) ste. oorbly. Brei dan reguit aan totdat u werk 17 (18 : 19) duim meet.

DIE SKOUERS

Heg 10 (11 : 12) ste. af aan die begin van die volgende 4 rye. Heg die orige 26 (28 : 30) ste. af vir die agterkant van die hals.

DIE REGTERVOORPANT

Stel 40 (43 : 46) ste. op met nr. 11-naalde en brei 2½ (2½ : 3) duim in r.1, a.1, rifsteek.

Verwissel na nr. 9-naalde en brei soos volg in pat.:

1e ry: r.13 (14 : 15), a.1, r.12, a.1, r.13 (15 : 17).

2e ry: a.13 (15 : 17), r.1, a.12, r.1, a.13 (14 : 15). Herh. die laaste 2 rye nog een keer.

** 5e ry: r.13 (14 : 15), a.1, skuif die volgende 3 ste. op 'n kabelnaald en los aan die agterkant van die werk, r.3, r.3 op kabelnaald, skuif die volgende 3 ste. op 'n kabelnaald en los aan die voorkant van die werk, r.3, r.3 op die kabelnaald, a.1, r. tot aan die end.

6e ry: Soos die 2e ry. Herh. die 1e en 2e rye drie keer. **. Die laaste 8 rye vanaf ** tot ** vorm die pat.

Brei verder in pat. totdat die werk 11½ (12 : 12½) duim meet en eindig met 'n ry aan die regte kant van die werk.

DIE MOUSGAT

Verminder 1 st. aan die begin

Vervolg op bladsy 15

FAIR ISLE - TRUI IN DRIE KLEURE

BENODIGDHEDE: 5 onse pienk Sirdar Majestic 3-draad wol. 4 Onse swart Sirdar Majestic 3-draad wol. 1 Onse wit Sirdar Majestic 3-draad wol. 2 Nr. 14- en 2 nr. 10-breinaalde.

MATE: Buustemaat — 34 tot 36 duim. Die Lengte — 22 duim. Mousnaat — 16½ duim.

SPANNING: 8½ ste. per duim oor patroonsteek gemeet.

P — pienk; S — swart;
W — wit.

DIE AGTERPANT

Stel 138 ste. op met nr. 14-naalde en P.

1e ry: r.l, a.l, tot aan die end.

2e ry: r.l, * a.l, r in die agterkant van die volgende st. Herh. vanaf * tot by die laaste st., a.l.

Brei 2 duim verder in hierdie rifsteek en eindig met 'n 2e ry.

Die volgende ry: Rif 5, * vermeerder in die volgende st., rif 8.

Herh. vanaf * tot by die laaste 7 ste., vermeerder in die volgende st., rif 6 (153 ste.).

Verwissel na nr. 10-naalde en las S aan.

1e ry: * r.l S, 2 P, 2 S, 3 P, 2 S, 2 P, 2 S. Herh. vanaf * tot aan die end, maar eindig met 1 S in plaas van 2 S.

2e ry: a.2 S, * 2 P, 2 S, 1 P, 2 S, 2 P, 5 S. Herh. vanaf * en eindig met 2 S in plaas van 5 S.

3e ry: Brei r, * 3 S, 2 P, 3 S, 2 P, 3 S, 1 P. Herh. vanaf * maar sonder die laaste P-ste. van die laaste herh.

4e ry: a, * 4 S, 2 P, 1 S, 2 P, 4 S, 1 P. Herh. vanaf * sonder die laaste P-st. van die laaste herh.

5e ry: r, * 1 P, 4 S, 3 P, 4 S, 2 P. Herh. vanaf * en eindig met 1 P in plaas van 2 P.

Las W aan.

6e ry: a 1 P, * 5 W, 1 P, 5 W, 3 P. Herh. vanaf * en eindig met 1 P, in plaas van 3 P.

7e ry: r, * 3 P, 7 W, 3 P, 1 W. Herh. vanaf * sonder die laaste W-st. van die laaste herh.

8e ry: a, * 3 P, 7 W, 3 P, 1 W. Herh. vanaf * sonder die laaste W-st. van die laaste herh.

9e ry: r.l P, * 5 W, 1 P, 5 W, 3 P. Herh. vanaf * en eindig met 1 P in plaas van 3 P.

10e ry: a * 1 P, 4 S, 3 P, 4 S, 2 P. Herh. vanaf * en eindig met 1 P in plaas van 2 P.

11e ry: r, * 4 S, 2 P, 1 S, 2 P, 4 S, 1 P. Herh. vanaf * sonder die laaste P-st. van die laaste herh.

12e ry: a, * 3 S, 2 P, 3 S, 2 P, 3 S, 1 P. Herh. vanaf * sonder die laaste P-st. van die laaste herh.

13e ry: r, * 2 S, 2 P, 2 S, 1 P, 2 S, 2 P, 3 S. Herh. vanaf * en



'n **Oulike**
Dotjie

eindig met 2 S in plaas van 3 S.

14e ry: Soos die 1e ry maar brei a vir r.

15e ry: Soos die 2e ry, maar brei r vir a.

Brei so aan in pat. (begin by 3e ry) maar brei r waar a aangegee word en a waar r aangegee word, totdat die 26e ry voltooi is. Herh. hierdie 26 rye totdat die pant 14 duim meet en eindig na 'n 4e pat.-ry.

DIE MOUSGATE

Brei nog steeds in pat., maar verminder 1 st. aan weerskante van die volgende 14 rye (125 ste.). Brei dan reguit aan totdat die pant 22 duim meet en eindig na 'n 18e pat.-ry.

DIE SKOUERS

Heg 9 ste. af aan die begin van die volgende 8 rye. Heg die orige ste. af.

DIE VOORPANT

Brei soos die agterpant totdat die voorpant ongeveer 18½ duim meet en eindig na 'n 19e pat.-ry.

DIE HALS

Die volgende ry: Pat. 36 en laat die ste. op 'n aparte naald. Dan slegs met W a.53, draai en los die orige ste. op 'n breispeld. Brei nou slegs met die 53 ste. 1 duim verder in ksst. (1 ry r, 1 ry a). Heg af.

Met die verkeerde kant na u toe, las die wol by die orige ste. op die aparte naald aan en brei reguit verder in pat.-st. totdat die werk 22 duim meet en eindig aan die mousgatkant na 'n 19e pat.-ry.

DIE LINKERSKOUER

Heg 9 ste. af met die volgen-

Vervolg op bladsy 16



BENODIGDHEDE: 2 ons Emu Chunkynit; 1 paar nr. 6-naalde.

MATE: Diepte — 6 duim.

SPANNING: 4 ste. per duim.

AANWYSINGS

Stel 66 ste. op en brei 4 rye in r.1, a.1, rifsteek.

1e pat.-ry: a.1 (r.2 tes., wol 2 keer rondom die naald, r.2 tes., d.a.1., a.2) tot aan die end en eindig die laaste herh. met a.1.

2e ry: r.1 (a.1, dan r.1, a.1 in die dubbellussie van die vorige ry, a.1, r.2) tot aan die end en eindig die laaste herh. met r.1.

3e ry: a.1 (r.4, a.2), tot aan die end en eindig die laaste herh. met a.1.

4e ry: r.1 (a.4, r.2), tot aan die end en eindig die laaste herh. met r.1.

Herh. die laaste 4 rye nog drie keer; herh. dan die 1e en 2e rye een keer.

19e ry: a.1 (r.4, a.2 tes.), tot by die laaste 5 ste., r.4, a.1.

20e ry: r.1 (a.4, r.1), tot aan die end.

21e ry: a.1 (r.2 tes., wol een keer om die naald, r.2 tes. d.a.1., a.1.), tot aan die end.

Breek die wol af. Skuif die ste. oor op die ander naald en las die wol aan die regterkant aan.

22e ry: r.2 tes., (r.1, gl.1, r.2 tes., g.gl.o.) tot by die laaste 3 ste., r.1, r.2 tes. d.a.1.

23e ry: a.1 (a.2 tes.), tot aan die end (12 ste.).

AFWERKING

Breek die wol af en ryg deur die orige ste. Trek die draad styf en heg stewig vas. Pars liggies. Werk die synaat toe. Maak 'n tossel (oor 'n stukkie karton) met die orige wol en werk dit bo aan die dotjie vas.



'n Instrumentjie
wat u kan stel,
is baie handig
wanneer u
steke
of rye moet tel.
Dit pas op enige
breipen
en kos 9d.

vir die GROOT vrou

'N EENVOUDIGE EN
KLASSIEKE TRUI WAT ONS
OP VERSOEK VAN AL
DIE HONDERDE GROTER
VROUE PLAAS . . .

BENODIGDHEDE: 10 (11, 11, 12, 13) ons Emu Zephyr 3-draad Botany-wol, Emu Scotch 3-draad of Emu Calypso dubbel-gedraaide wol; 1 paar elk nr. 10- en 12-breinaalde; 6 knope.

MATE: Buustemaat — 40, 42 44, 46, 48 duim; Lengte — 22½, 23, 23½, 24, 24½ duim; Mousnaat — 18, 18, 18, 18 duim.

SPANNING: 7½ steek en 10½ ry per vierkante duim met nr. 10-naalde.

DIE AGTERPANT

Stel 126 (134, 142, 150, 156) ste. op met nr. 12-naalde en brei twee duim in r.1. a.1. rifsteek.

Die volgende ry: a.8 (8, 7, 11, 10), a. twee keer in die volgende st., * a.11 (12, 13, 13, 14) a. twee keer in die volgende st. Herh. vanaf * tot by die laaste 9 (8, 8, 12, 10) ste., a.9 (8, 8, 12, 10) ste. 136 (144, 152, 160, 166) ste.

Verwissel na nr. 10-naalde en brei verder in ksst. (1 ry r., 1 ry a.) en vermeerder 1 st. aan weerskante van die 3e (5e, 7e, 9e, 11e) en elke volgende 12e ry — altesaam 8 keer. 152 (160, 168, 176, 182) ste. op die naald. Brei aan aan sonder om te vermeerder tot dat die pant 13 (13½, 13½, 13½, 14) duim vanaf die begin meet en eindig met 'n a.-ry.

DIE RAGLAN MOUSGATE

Heg 3 ste. af aan die begin van die volgende 6 rye.

1e ry: r.3, r.2 tes., r. tot by die laaste 5 ste., r.2 tes., d.a.l., r.3.

2e ry: a.3, a.2 tes., d.a.l., a. tot by die laaste 5 ste., a.2 tes., a.3. Herh. hierdie 2 rye nog 2 (4, 7, 8, 10) keer en dan weer die 1e ry.

Die volgende ry: a.

Verminder nog steeds na die 3 randsteke aan weerskante van die rye aan die regte kant totdat slegs 38 (40, 40, 42, 42) ste. oorbly. Brei nog 1 ry en heg af.

DIE REGTERVOORPANT

Stel 61 (65, 69, 73, 76) ste. op met nr. 12-naalde en brei 2 duim in r.1. a.1. rifsteek.

Die volgende ry: a.6 (6, 8, 8, 7) a. twee keer in die volgende st.,

* a.11 (12, 12, 13, 14) a. twee keer in die volgende st. Herh. vanaf * tot by die laaste 6 (6, 8, 8, 8) ste., a.6 (6, 8, 8, 8), 66 (70, 74, 78, 81) ste. Verwissel na nr. 10-naalde en brei verder in ksst. maar vermeerder 1 st. aan die einde van 3e (5e, 7e, 9e, 11e) en elke volgende 12e ry — altesaam 8 keer. 74 (78, 82, 86, 89) ste. Brei dan reguit aan totdat u werk 14½ (14½, 15, 15½, 15½) duim tot by die mousgat meet en eindig met 'n r.-ry.

RAGLAN-MOUSGAT EN HALS

Heg 3 ste. af aan die begin van die volgende 2 alternatiewe rye. Brei dan verder soos volg:

1e ry: r. tot by die laaste 5 ste., r.2 tes., d.a.l., r.3. **2e ry:** a.3, a.2 tes., d.a.l., a. tot aan die end van die ry. * Herh. hierdie 2 rye twee keer.

7e ry: r.3, r.2 tes., r. tot by die laaste 5 ste., r.2 tes., d.a.l., r.3. **8e ry:** 1e grootte — alleenlik a. Al die ander groottes — soos 2e ry.

Hou aan om op hierdie wyse met elke 4e ry aan die voorkant te verminder totdat daar 16 (17, 17, 18, 18) verminderings altesaam gemaak is en **TERSELF-DERTYD** verminder u aan die mousgatkant na die 3 randsteke soos volg:

2e, 3e, 4e, 5e groottes verminder soos voorheen met die volgende (3, 9, 11, 15) rye.

AL DIE GROOTTES

Brei verder en verminder slegs met die rye aan die regte kant. As die verminderings aan die halsrand voltooi is, sal daar 12 (11, 12, 11, 13) ste. oorbly. Moenie verder aan die halsrand verminder nie, maar verminder nog steeds aan die mousgatrand soos voorheen totdat 5 ste. oorbly, r. dan 2 tes. aan die mousgatkant met die rye aan die regte kant totdat 2 ste. oorbly. Heg af. *

DIE LINKERVOORPANT

Volg die aanwysings vir die regtervoorpant tot by die mousgat. Vermeerder aan die begin

i.p.v. aan die end van die ry en eindig met 'n a.-ry.

DIE RAGLAN-MOUSGAT EN HALS

Heg 3 ste. af aan die begin van die volgende 2 alternatiewe rye. Brei 1 ry en gaan dan soos volg aan:

1e ry: r.3, r.2 tes., r. tot aan die end. **2e ry:** a. tot by die laaste 5 ste., a.2 tes., a.3.

Voltooi soos die regtervoorpant en volg die aanwysings vanaf * tot .

HALSRANDSTROKIE

Stel 17 ste. op met nr. 12-naalde en brei soos volg:

1e ry: r.8, gl.1 aweregsgewys, r.8. **2e ry:** a.

Herh. hierdie 2 rye totdat u werk ½ (½, ¾, ¾, ¾) duim lank is en eindig met 'n a.-ry.

Die volgende ry: Maak 'n knoopsgat, r.3, heg 2 ste. af, r.3, gl.1 aweregsgewys, r.3, heg 2 ste. af, r.3.

Die volgende ry: Stel 2 ste. op waar u in die vorige ry 2 ste. afgeheg het. Maak nog 5 pare knoopsgate 3 (3, 3, 3½, 3½) duim van mekaar af. As die knoopsgate voltooi is, brei verder totdat die band lank genoeg is (wanneer dit effens gerek word) om al langs die regtervoorkant van die oopknooptrui, aan die agterkant van die hals en langs die linkervoorpant te pas. Heg af.

AFWERKING

Le die verskillende pante op 'n strykklaken en steek die hoeke vas in die regte mate. Pars met 'n warm yster oor 'n klam doek, maar vermy die rifstukke. Werk in agtersteek die Raglan-, sy- en mousnate toe. Die voorpante sal effens wyer as die Raglan-skouerstuk wees. Skuif die voligheid egalig in om toe te laat vir die volheid van die buuste. Vou die rifstuk om die hals dubbel aan die verkeerde kant en werk vas. Werk die randstrokie om die hals aan. Werk die knoopsgate netjies af en werk die knope aan. ★



OOPKNOOPTRUI MET STREEPVERSIERING

BENODIGDHEDE: Sirdar Majestic 3-draad-wol — 7 (8—9) onse in grondkleur en 1 ons kontrasterende kleur; 1 paar elk nr. 12- en 11-breinaalde; 5 Knope.

MATE: Buustemaat — 34 (36—38) duim. Die Lengte — 20½ (21—21½) duim. Mousnaat — 13 (13½—14) duim.

SPANNING: 8 ste. en 10 rye per duim.

G — grondkleur;

K — kontrasterende kleur wol

DIE AGTERPANT

Stel 120 (126—132) ste. op met nr. 12-naalde en G.

Brei 4½ duim in r.1, a.1, rifsteek.

Verwissel na nr. 11-naalde en ksst. (1 ry r, 1 ry a).

Vermeerder 1 st. aan weerskante van die 3e en elke volgende 6e ry totdat daar 142 (150—158) ste. is.

Brei dan reguit aan totdat die agterpant 12½ (12¾—13) duim meet en eindig met 'n ry aan die verkeerde kant.

DIE MOUSGATE

Heg 5 ste. af aan die begin van die volgende 2 rye. r.2 tes. aan weerskante van elke ry totdat daar 108 (112—116) ste. is. Brei dan reguit aan totdat die agterpant 20¼ (21—21¾) duim meet en eindig met 'n ry aan die verkeerde kant van die werk.

DIE SKOUERS

Heg 10 ste. af aan die begin van die volgende 4 rye. Heg die orige 68 (72—76) ste. af.

DIE REGTERVOORPANT

Stel 84 (86—90) ste. op met nr. 12-naalde en G. Brei 1 duim in r.1, a.1, rifsteek en maak dan 'n knoopsgat soos volg:

1e ry: Rif 16, heg 4 ste. af, rif tot aan die end.

2e ry: Brei die hele ry in rifsteek en stel 4 ste. op waar u in die vorige ry die ste. afgeheg het.

Brei in rifsteek totdat die voorpant 4½ duim meet en maak weer

'n knoopsgat nadat 3½ duim gebrei is.

Met die regte kant na u toe (by die knoopsgatrand), heg 36 ste. in rifsteek af. Wissel na nr. 11-naalde en r tot aan die end. Brei in ksst. en vermeerder 1 st. aan die synaat met die 2e ry en elke volgende 6e ry totdat daar 58 (62—66) ste. is. Brei reguit totdat die voorpant 11½ duim meet.

VORM DIE VOORKANT

r.2 tes. aan die voorkant met die volgende ry en elke volgende 4e ry 21 (23—25) keer altesaam.

As die voorpant 12½ (12¾—13) duim meet, voltooi met 'n r-ry.

DIE MOUSGAT

Heg 5 ste. af aan die begin van die volgende ry. r.2 tes. aan die mousgatkant met die volgende 12 (14—16) rye. Brei reguit aan totdat die mousgat net so lank soos dié van die agterpant is.

DIE SKOUER

Heg 10 ste. af aan die begin van die volgende 2-a-rye.

DIE LINKERVOORPANT

Brei die aanwysings vir die regtervoorpant om omgekeerd ooreen te stem. Brei r waar a aangegee word en a vir r sonder die knoopsgate.

DIE MOUE

(albei eners)

Stel 76 (80—84) ste. op met nr. 12-breinaalde en G.

Brei 3 duim in r.1, a.1, rifsteek. Verwissel na nr. 11-naalde en ksst.

Vermeerder 1 st. aan weerskante van die 7e en elke volgende 6e ry totdat daar 108 (112—116) ste. is.

Brei reguit totdat die mou 13 (13½—14) duim meet en eindig met 'n ry aan die verkeerde kant van die werk.

Die bopunt: Heg 5 ste. af aan die begin van die volgende 2 rye. r.2 tes. aan weerskante van die volgende en al om die ander ry

totdat daar 76 ste. is. r.2 tes. aan weerskante van elke ry totdat daar 54 ste. is. Heg 6 ste. af aan die begin van die volgende 6 rye. Heg die orige 18 ste. af.

DIE VOORSTE RANDSTROOK

Stel 401 (421—441) ste. op met nr. 12-naalde en K.

1e ry: (r.1, a.1) tot by die laaste st., r.1.

2e ry: (a.1, r.1) tot by die laaste st., a.1.

Herh. die 1e en 2e rye nog drie keer (8 rye altesaam). Las G aan, brei in rifsteek en brei in die agterkant van elke st. Brei nog 7 rye in rif. Brei met K in die agterkant van elke st. Brei 2 rye in rifsteek.

MAAK KNOOPSGATE

1e ry: Rif 14 ste., heg 4 ste. af. * rif 21 ste., heg 4 ste. af. Herh. vanaf * nog een keer, rif tot aan die end.

2e ry: Brei in rifsteek en stel 4 ste. op waar u in die eerste ry 4 ste. afgeheg het.

Brei nog 3 rye in rif.

* Brei r met G.

Brei 7 rye in rifsteek. * Breek G af.

Brei dieselfde streep met K vanaf * tot *

Heg in rif. af.

AFWERKING

Pars versigtig oor 'n klam doek, vermy die rifstukke.

Werk die skouernate in agtersteek toe. Met die knoopsgate aan die regtervoorpant en met die regte kante van die werk na u toe, steek die voorste randstrook versigtig vas. Werk dit dan in agtersteek aan mekaar. Werk die sykante van die strook aan die afgehegte ste. van die rifstukke vas. Pars versigtig. Werk die moue in. Werk die sy-en mousnate toe. Pars al die nate. Werk die knope aan die linkervoorpant om ooreen te stem met die knoopsgate. ★



Die Sportman se Keuse

BENODIGDHEDE: 34 ons Emu Apollo „Triple Twist” wol; 'n paar elk nr. 3- en 5-breinaalde; 'n kabelnaald.

MATE: Om 'n 38- tot 40-duimborsmaat te pas; lengte — 25½ duim; mousnaat — 20 duim.

SPANNING: 31 steek en 5 rye per duim in ksst.

Let wel! Kabel voor: Skuif die volgende 3 ste. op die kabelnaald en los aan die voorkant van die werk, r.3, r.3 ste. op die kabelnaald.

Kabel agter: Skuif die volgende 3 ste. op 'n kabelnaald en los aan die agterkant van die werk, r.3, r.3 op die kabelnaald.

AGTERPANT

Stel 68 ste. op met nr. 5-naalde en brei 3½ duim in r.1, a.1, gedraaide rifsteek (r in die agterkant van al die r.-ste. behalwe die 1e st.).

Die volgende ry: Rif 13, vermeerder in die volgende 3 ste., rif 12, vermeerder in die volgende 3 ste., rif 6, vermeerder in die volgende 3 ste., rif 12, vermeerder in die volgende 3 ste., rif 13 (80 ste.).

Verwissel na nr. 3-naalde en brei soos volg in kabelpatroon:

1e ry: r.12, a.1, r.6, a.1, r.10, a.1, r.6, a.6, r.6, a.1, r.10, a.1, r.6, a.1, r.12.

2e ry: a.12, r.1, a.6, r.1, a.10, r.1, a.6, r.6, a.6, r.1, a.10, r.1, a.6, r.1, a.12.

3e en 4e ry: Soos die 1e en 2e ry.

5e ry: r.12, a.1, kabel voor, a.1, r.10, a.1, kabel voor, a.6, kabel agter, a.1, r.10, a.1, kabel agter, a.1, r.12.

6e ry: Soos die 2e ry.

7e en 8e ry: Soos die 1e en 2e rye.

9e — 12e ry: Soos ry 5 — 8.

13e ry: r.12, a.1, kabel voor,

a.1, r.10, a.1, r.3, kabel voor, kabel agter, r.3, a.1, r.10, a.1, kabel agter, a.1, r.12.

14e ry: a.12, r.1, a.6, r.1, a.10, r.1, a.18, r.1, a.10, r.1, a.6, r.1, a.12.

15e ry: r.12, a.1, r.6, a.1, r.10, a.1, r.18, a.1, r.10, a.1, r.6, a.1, r.12.

16e ry: Soos 14e ry.

17e ry: r.12, a.1, kabel voor, a.1, r.10, a.1, r.3, kabel agter, kabel voor, r.3, a.1, r.10, a.1, kabel agter, a.1, r.12.

18e ry: Soos 2e ry.


Hierdie 18 rye vorm die pat.

Brei verder in pat. totdat 3 volle patrone en 4 rye van die 4e patroon voltooi is. (Die pant meet ongeveer 15 duim).

DIE MOUSGATE

1e ry: r.1, g.1.1, r.1, g.g.1.o., pat. tot by die laaste 3 ste., r.2 tes., r.1.

Vervolg op bladsy 15





Vir Klein Voetjies

BENODIGDHEDE: 1 ons 3-draad babawol; 1 paar nr. 11-breinaalde; $\frac{1}{2}$ jaart lint.

MATE: Lengte van voet — $4\frac{1}{2}$ duim; lengte tot by enkel — $1\frac{1}{2}$ duim.

SPANNING: 8 ste. per duim in die wydte oor die pat. gemeet.

AANWYSINGS

Stel 50 ste. op en brei 2 rye in ksst. (1 ry r, 1 ry a).

3e ry: r.1, * w.v., r.2 tes. Herh. vanaf * tot by die laaste st., r.1. Brei 3 rye in ksst. en begin met 'n a-ry.

7e ry: Vou die werk in die helfte met die a.-kant na binne, * r. 1e st. tes. met 1e st. van die opgestelde kant. Herh. vanaf * tot aan die end van die ry om 'n skulprandjie te vorm.

8e ry: a. 9e ry: r.3, * w.v., r.2 tes., r.4. Herh. vanaf * en eindig met r.3 i.p.v. r.4.

10e en daarna al om die ander ry: a.

11e ry: r.1, * r.2, tes., w.v., r.1, w.v., r.2, tes., r.1, Herh. vanaf * tot by die laaste st., r.1.

13e ry: Soos die 9e ry.

15e ry: r.

17e ry: Soos die 3e ry.

18e ry: a. Brei 4 rye in ksst. en begin met 'n r-ry. Die omslag is nou voltooi.

Brei 9 rye in r.1, a.1, rifsteek en brei dan soos volg: Let wel dat die pat. nou omgekeerd is:

1e ry: Soos die 3e ry wat in die begin aangegee is. 2e ry: r.20, a.11, r.18, r twee keer in die laaste st. 3e ry: r. 4e ry: r.20, a.11, r.20. 5e ry: r.31, draai. 6e ry: a.11, draai.

Brei die middelste 11 ste. vir die voetboog en los die ste. aan die kante op aparte naalde. Brei die

paneel in pat. soos volg: 1e ry: r.5, w.v., r.2 tes., r.4. 2e en al om die ander ry: a. 3e ry: r.3, r.2 tes., w.v., r.1, w.v., r.2 tes., r.3. 5e ry: Soos 1e ry. 7e ry: r. 8e ry: a.



Herhaal die laaste 8 rye nog een keer; herhaal dan vanaf die 1e tot die 5e ry (insluitend). Brei 1 ry a en breek dan die wol af.

Met 'n aparte naald, tel op en r.16 ste. al langs die regterkant van die voetboog, r.11 middelste., tel op en r.16 ste. al langs die ander kant van die strokie, r.20 ste. dan aan die sykant.

Die volgende ry: r.63, r.20 ste. dan aan die ander kant. Brei verder in kbst. (elke ry r) en brei nog 12 rye aan. Maak dan 'n skulprandjie soos volg: Brei 2 rye in ksst. — begin met 'n r-ry.

Vervolg op bladsy 15

om baba warm te hou!



**'n Lekker warm
kombersie vir baba
se stootwaentjie
of bedjie.**

**Dit is so maklik om
te brei, dat selfs
'n beginner dit
kan aanpak . . .**

BENODIGDHEDE: 13 ons
„Templeton's Fisherknit"-wol; nr.
4-breinaalde.

MATE: 22 duim breed en 33
duim lank.

SPANNING: 4 steke en 5 rye
per duim.

AANWYSINGS: Stel 90 ste. op.
1e rifst.-ry: r.2 (a.2, r.2), tot aan
die end. 2e rifst.-ry: a.2 (r.2,
a.2), tot aan die end.

Herh. hierdie 2 rye in rifsteek
nog 4 keer vir die randstrook aan
die een kant.

Verwissel na pat., maar hou 12
ste. aan weerskante in rifst.

1e ry: Rif 12, r tot by die
laaste 12 ste., rif 12.

2e ry: Rif 12, a tot by die
laaste 12 ste., rif 12.

3e ry: Rif 12, r.6 (a.6, r.6), tot
by die laaste 12 ste., rif 12.

4e ry: Rif 12, a.6 (r.6, a.6), tot
by die laaste 12 ste., rif 12.

5e ry: Rif 12, a.2, r.2, a.2 (r.6,
a.2, r.2, a.2), tot by die laaste 12
ste., rif 12.

6e ry: Rif 12, r.2, a.2, r.2 (a.6,

r.2, a.2, r.2) tot by die laaste 1
ste., rif 12.

Herh. die laaste 2 rye nog dri-
keer; herh. dan ry 3 en ry 4 een
keer.

Hierdie 14 rye vorm die pat.

Herh. hulle nog nege keer; herh.
dan ry 1 en ry 2 een keer; brei
dan 10 rye rifsteek soos in di
begin. Heg lossies in rifst. af.

AFWERKING

Steek die kombersie op 'n stryk
kombers vas na die regte grootte
voordat u dit pars.

Die Sportman se Keuse

Vervolg van bladsy 12

2e ry: a.1, a.2 tes., pat. tot by die laaste 3 ste., a.2 tes. d.a.1., a.1. Herh. hierdie laaste 2 rye nog vier keer.

Die volgende ry: r.2 tes., pat. tot by die laaste 2 ste., r.2 tes. (58 ste.). Brei verder reguit aan totdat die pant 25 duim meet. Heg af.

DIE VOORPANT

Brei soos die agterpant totdat die uithol van die mousgat voltooï is. Brei nog 3 rye (4 voltooide patrone).

Die volgende ry: Pat. 19, heg die volgende 20 ste. af (brei drie keer 2 ste. tes. met die 6 middelste, sodat die kant stewig is), pat. 19. Brei in enkelkabelsteek met die laaste 19 ste. verder. Verminder 1 st. aan die binneste randst. van die halsrand in elke

6e ry totdat 14 ste. oorbly. Brei dan verder reguit aan totdat die pant 26 duim meet en eindig met 'n ry aan die verkeerde kant. Heg af. Las die wol aan die ander kant van die hals aan en voltooi om ooreen te stem.

DIE MOUE

Stel 60 ste. op met nr. 3-naalde en begin aan die bopunt van die moue.

1e ry: Met die verkeerde kant na u toe, a.20, r.1, a.6, r.6, a.6, r.1, a.20. Die middelste 18 ste. word in kabelsteek gebrei met 'n a.-st. aan weerskante soos in die geval van die 18 middelste. van die agterpant.

Die ronding bo: Vermeerder 1 st. aan weerskante van die volgende ry soos volg: (vermeerder in die 1e st., pat. tot by die laaste 2 ste., vermeerder in die volgende st., r.1) en in die volgende 9 alternatiewe rye. Verminder TERSELFDE RYD 1 st. aan weerskante van die kabel in die middel soos volg in die koussteek-paneel: (r. tot by die laaste 2 ste.

voor die a.-st., r.2 tes., a.1, kabel, a.1, r.1, r.2 tes., brei tot aan die end), in die 6e en elke volgende 4e ry totdat 36 ste. oorbly. Brei reguit aan totdat die mou 21 duim meet, en eindig met 'n ry aan die regte kant.

Die volgende ry: a.2 (a.2 tes.), drie keer, r.1, a.3 (a.2 tes.), ses keer, a.3 r.1 (a.2 tes.), drie keer, a.2 (24 ste.).

Verwissel na nr. 5-naalde en brei 3 duim in r.1, a.1, rifsteek. Heg in rifst. af.

DIE KRAAG

Stel 90 ste. op met nr. 5-naalde en brei 2½ duim in gedraaide rifst. Heg in rifsteek af.

AFWERKING

Pars die pante oor 'n klam doek met 'n warm yster. Werk die skouer-, sy- en mousnate toe. Werk die moue in die mousgate in. Werk die kraag egalig rondom die hals vas. Laat die linkerkant van die kraag in die middel oor die regterkant slaan en werk dit dan aan die afgehegte kant van die hals vas. ★

Suierige Seunstrui

Vervolg van bladsy 5

van die volgende ry en aan hierdie kant van elke ry totdat 33 (36 : 39) ste. oorbly. Brei aan sonder om te verminder totdat u werk 14 (16 : 16) duim vanaf die begin meet en eindig aan die voorste rand.

DIE HALS

Heg 6 ste. af aan die begin van die volgende ry. Verminder dan 1 st. aan die halsrand van al om die ander ry totdat 20 (22 : 24) ste. oorbly. Brei dan reguit aan totdat die pant 17 (18 : 19) duim vanaf die begin meet, eindig aan die mousgatkant. Heg 10 (11 : 12) ste. aan die begin van die vol-

gende en die volgende alternatiewe ry af.

DIE LINKERVOORPANT

Brei om omgekeerd ooreen te stem met die regtervoorpant. Omgekeerd lees die pat. dan soos volg:

1e ry: r.13 (15 : 17), a.1, r.12, a.1, r.13 (14 : 15).

DIE MOUE

Stel 40 (44 : 48) ste. op met nr. 11-naalde en brei 3 duim in r.1, a.1, rifsteek. Verwissel na nr. 9-naalde en brei verder in ksst. maar vermeerder 1 st. aan weerskante van die volgende en elke volgende 12e (12e : 10e) ry totdat daar 56 (62 : 68) ste. is. Brei reguit aan totdat die mou 15 (15½ : 16) duim meet. Verminder 1 st. aan

weerskante van die volgende 6 rye om die ronding bo te vorm. Verminder dan 1 st. aan weerskante al om die ander ry totdat 18 (20 : 22) ste. oorbly. Heg af.

DIE KRAAG

Stel 108 (116 : 124) ste. met nr. 9-naalde op en brei in r.1, a.1, rifsteek, maar verminder 1 st. aan weerskante al om die ander ry totdat 82 (86 : 90) ste. oorbly. Heg af.

AFWERKING

Pars die pante aan die verkeerde kant. Werk die skouernate toe. Werk die moue in mousgate in en werk dan die sy- en mousnate toe. Werk die afgehegte kant van die kraag aan die hals vas. Werk dan die ritssluiters netjies voor in. ★

Vir Klein Voetjies

Vervolg van bladsy 13

Die volgende ry: r.1, * w.v., r.2 tes. Herh. vanaf * tot aan die end. Brei 3 rye in ksst. — begin met 'n a-ry.

Die volgende ry: * Steek die naald regsgewys in die volgende st., dan in die agterkant van die 1e st. in die 6e ry ondertoe en r hierdie 2 ste. saam. Herh. vanaf *

tot aan die end van die ry. Brei 1 ry r en vorm die toon en nak soos volg:

1e ry: r.1, r.2 tes., r.32, r.2 tes., r.9, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.32, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.1.

2e en al om die ander ry: r.

3e ry: r.1, r.2 tes., r.31, r.2 tes., r.7, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.31, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.1.

5e ry: r.1, r.2 tes., r.30, r.2 tes., r.5, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.30, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.1.

7e ry: r.1, r.2 tes., r.29, r.2 tes., r.3, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.29, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.1.

9e ry: r.1, r.2 tes., r.28, r.2 tes., r.1, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.28, g.l.1, r.1, g.g.l.o., r.1.

Heg af.

AFWERKING

Werk die naat aan die agterkant van die beentjie en van die sool toe. Slaan die bokant om en pars liggies. Steek die lint deur die gaatjies by die enkel en bind 'n strikkie voor in die middel. ★

Rooi Rose se Uithaal - Breiboekie

DIE volgende sesien bladsye word beslaan deur ons Breiboekie. Om dit te kan gebruik, moet u dit uit Rooi Rose uithaal en 'n aparte boekie daarvan maak. Doen dit soos volg:

1. Neem die sesien bladsye alles bymekaar en trek dit los van die res van Rooi Rose.
2. Knip met 'n skêr al op die stippellyn langs, of sny dit in die vou met 'n mes deur.
3. Vou die bylaag dan dubbel, sodat die titelbladsy aan die buitekant is.

Op hierdie manier kry u 'n volledige Breiboekie in gerieflike formaat ekstra by Rooi Rose. Die Breiboekie bevat 11 uitsoek-breipatrone — iets vir elke lid van die gesin. Omdat so baie van ons lesersse nie bekend is met die Afrikaanse breiterme nie, het ons by die afkortings onderaan bl. 16 vir u die Engelse breiterme bygevoeg. Begin sommer dadelik brei — elke Rooi-Rose-breipatroon is 'n treffer!

FAIR ISLE - TRUI IN 3 KLEURE

Vervolg van bladsy 7

de 4 rye aan die mousgatkant. Met die regte kant van die werk na u toe, las die wol by die ste. op die breispeld aan en brei soos die linkerskouer.

DIE MOUE

Stel 64 ste. op met nr. 14-naalde en P en brei 2 duim in rifsteek soos agterpant.

Die volgende ry: rif 5, * vermeerder in die volgende st., rif 2. Herh. vanaf tot by die laaste 2 ste., rif 2 (83 ste.).

Verwissel na nr. 10-naalde en brei verder in pat. maar vermeerder 1 st. aan weerskante van die 7e en elke volgende 10e ry tot-

dat daar 111 ste. is. Brei die ekstra ste. in pat. en brei dan verder reguit aan totdat die mou ongeveer 18½ duim meet en eindig na 'n 18e pat.-ry.

DIE BOPUNT

Die volgende ry: Heg 2 ste. af. pat. tot by die laaste 2 ste., brei 2 tes. Herh. hierdie ry totdat daar 57 ste. oorbly. Heg af.

DIE RANDSTROOK OM DIE HALS

Stel 169 ste. op met 14-naalde en P.

1e ry: r.l. a.l tot by die laaste st., r.l.

2e ry: r.l. * r in die agterkant van die volgende st., a.l. Herh. vanaf * tot by die laaste 2 ste.,

r in die agterkant van die volgende st., r.l.

Herh. die laaste 2 rye totdat die strook 2 duim lank is. Heg in rifsteek af.

AFWERKING

Pars oor 'n klam doek. Werk die skouer-, sy- en mounate toe tot 2 duim vanwaar die bokant gevorm is. Werk die moue in die mousgate in met die reguit 2 duim op die skuinste van die mousgat. Slaan die 1 duim wat in ksst. gebrei is by die hals na die binnekant toe en werk vas. Steek die middelpunt van die randstrook vir die hals in die middel agter vas. steek die punte van hierdie randstrook in die hoeke van die hals voor vas. Werk dit rondom die hals vas en werk dan die sykante van die randstrook voor vas. Pars al die nate. ★

AFKORTINGS:

r is regs/knit; a is aweregs/purl; st., ste. is steek, steke/stitch. stitches; pat. is patroonsteek/pattern; w.v. is wol vorentoe/wool forward; tes. is tesaam/together; herh. is herhaal/repeat; ksst. is koussteek/stocking stitch (1 ry r, 1 ry a); kbst. is kousbandsteek/garter stitch (elke ry r); kortbeensteek/dubbel crochet; gl. is glip/slip; g.gl.o. is gly glipsteek oor/pass slipped stitch over; d.a.l. is deur die agterkant van die lussie/through back of loops; w.a. is wol agtertoe/wool back.

Gedruk deur die Afrikaanse Pers Beperk, Empireweg-verlenging 8, Aucklandpark, Johannesburg, en versprei deur die Sentrale Nuusagentskap, Posbus 1033, Johannesburg.